

HIERDIE VOLUME WORD OPGEDRA AAN

Pieter Gerhardus Jordaan (1913—)

M.Sc., D.Sc. (Stell.)

(Professor in Plantkunde aan die Universiteit van Stellenbosch vanaf 1953–1978)

Hy was op die doserende personeel van die Departement Botanie, Universiteit van Stellenbosch, sedert 1940. Prof. Jordaan het hom beywer om die Departement Botanie uit te bou en beter fasiliteite vir navorsing daar te stel. Hy het veral navorsing gedoen op die voortplanting van die proteades, die ontwikkeling van plantgemeenskappe en die invloed van brand. Uit sy pen het die eerste publikasie in Afrikaans in hierdie tydskrif verskyn.

Hy was 'n stigterslid van die S.A.G.P. en ook lid van die eerste Raad, hy is 'n volle lid van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns en jarelank voorsitter van die Stellenbosse Tak van die Afdeling Biologie. Hy was vir meer as 25 jaar Hoof van die Botaniese Tuin van die Universiteit van Stellenbosch. Hy dien ook vanaf 1961 op die Raad van Trustees van die Nasionale Botaniese Tuine van Suid-Afrika, en vanaf 1967 is hy ondervoorsitter van hierdie Raad.